

R O N D O M N U U S

OCT 2020 | QUATERLY NEWSLETTER

—



Missie

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

Visie

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varspprodukte in Suid-Afrika

Kernwaardes

Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid

“Ons is opgewonde oor die nuwe seisoen.”

WILLEM COETZEE

DEDICATION ALWAYS SHOWS

IN HIERDIE UITGAWE

Fokus

- 1 DIE PAD VORENTOE IN KORONAVIRUS (COVID-19) TYD

Waarde

- 3 DONASIES – KOUE BOKKEVELD OPLEIDING SENTRUM GR 7 KAMP

Afdelingnuus

- 4 DUTOIT TEGNIES – NEW BEGINNINGS
5 DUTOIT VRUGTE – SUID-AFRIKAANSE WEERMAG BESOEK
6 PRODUKSIE WES-KAAP – PRODUKSIENUUS
9 PRODUKSIE WES-KAAP - VOORRAADTELLING
10 CRISPY FARMING – NUWE TREKKERS EN SPUITPOMPE

Sosiale nuus

- 10 BESTUURDIENSTOEKENNINGS 2020
14 VROUEDAG 2020
16 HERITAGE DAY 2020
17 DUTOIT VRUGTE - JERUSALEMA DANS-UITDAGING
17 DUTOIT GROENTE – JERUSALEMA DANS-UITDAGING
18 TANDFONTEIN – JERUSALEMA DANS-UITDAGING
19 CRISPY FARMING – JERUSALEMA DANS-UITDAGING
20 AANSTELLINGS

Gesondheidsnuus

- 21 GESONDHEIDSWERKERS – CHRONIESE MEDIKASIE OPLEIDING
22 NUWE NORMAAL – OOS-KAAP
23 VITAMIN D – THE SUNSHINE VITAMIN
24 GO ON – BE HAPPY

Kompetisie

- 25 KERNWAARDES

Redaksionele beleid

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

Die PAD VORENTOE in KORONAVIRUS (COVID-19) tyd

PIETER DU TOIT

Aan alle werknemers en besigheidsvennote van Dutoit Groep.

Ek deel graag 'n paar gedagtes met jul op dag 190 van die koronaviruspandemie. Dit is ook die begin van die derde kwartaal en een maand is verby van ons 2021-finansiële jaar.

1. Finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2020

'n Jaar gelede het ons nog niks van Covid-19 geweet nie! Toe tref die grootste krisis sedert 1930 ons vroeg in die jaar. Terwyl ons steeds veg met die Pandemie gaan die ritme van ons besigheid voort. Die finansiële span is besig om die syfers vir die afgelope jaar finaal bymekaar te sit. Ons is gelukkig om in die voedselbedryf te wees en deur spesiale toewyding van ons span, kan ons terugkyk en rapporteer:

- Danksy inperking op uitgawes en kapitaalspandering is ons kontantvloei positief
- Ons het nie skotvry van die Covid-19 afgekom nie. Direkte ekstra korona-koste was tussen R15 – R20m. Die plaaslike mark se koopkrag het gedaal (tot 30%) en pryse was onder druk!
- Niemand het hul werk verloor nie
- Ons kon te midde van groot ontwrigting voortgaan om kos te verskaf aan miljoene mense
- Ons kon die werkomgewing grootliks veilig hou om ons mense te beskerm

2. Die 2021 jaar wat voorlê

Ons almal beseft dat die pandemie nog nie al sy tande gewys het nie, maar ek deel graag 'n paar dinge wat my opgewonde maak oor die jaar wat voorlê:

- Ons het 'n lekker nat winter beleef. Die Weskaap damme is meestal vol en die Ooskaap se reën is op pad. So, ons kan boer!
- Die tegniese kundiges vertel my daar is genoeg vrugknoppe aan die bome – mooi oes op pad!
- Ons mense is ongelooflik positief ingestel met 'n "Ons kan"-benadering. (Sien stukkie oor aanmoediging hieronder)
- Die pandemie het nuwe fokus gebring. Dit het ons almal weer laat vra: Wat is regtig belangrik?
- Ons het 'n kundige span met diep lojaliteit teenoor die groter Dutoit gemeenskap!
- Die 2021-begroting word ondersteun met 'n hele aantal innoverende idees
- Ons is besig om nuut te dink oor 'n aantal belangrike fasette van die besigheid om ons meer kompetender, volhoubaar en winsgewend te maak.

3. How do we stay emotionally healthy and strong?

A powerful weapon to fight Covid-19 (and every other life challenge) is to build an encouraging environment around you.

*Who encourages you and who do you encourage?
Does the person you just talked to, walk out better than he/she came in?*

With the power of words:

- You can change how people live their lives.
- You can inspire with new hope.
- You can help our team to nurture a culture of "can do"
- You can fight and destroy negativism by always looking for opportunities to encourage people

If you want to invest 30 minutes of your valuable time to be inspired, please listen to Brian Houston with his deep voice talking about the importance of encouragement:

<https://brianhoustonaudio.libsyn.com/encouraged-and-encouraging>

4. Ons familie-besigheid

Dit is die wens van die familie dat die Dutoit Groep 'n familie-besigheid bly. Daar is baie oorvleueling tussen die familie, eienaarskap en bestuur van die maatskappy. Daar is ook 'n lang geskiedenis van oor die 120 jaar waar die familie 'n pad saam met die Dutoit Groep geloop het. Die familie koester hierdie verhouding en is daarom besig om diep gesprekke te voer in 'n poging om 'n handves saam te stel wat kan dien as basis waarvolgens die familie hulself organiseer teenoor die Dutoit Groep. Hierdie prosesse en uitkomst is baie belangrik. 'n Goed georganiseerde familie is van groot belang vir die Dutoit Groep.

Een van die modules het gehandel oor waardes. Ons het weer ontdek hoe kragtig ons bestaande kernwaardes en besigheidsfilosofie is. Ons wil dit behou en dink daaraan om 'n vyfde waarde toe te voeg by BLOM (Betroubaarheid, Lojaliteit, Oordelikeit en Menswaardigheid). Ons het nog nie die regte woord nie maar dit moet die volgende begrippe netjies saamvat: Innoverend, spoed, vernuwing, aanpasbaarheid en entrepreneurskap.

Indien jy aan 'n goeie beskrywende woord kan dink, neem asseblief deel aan ons kompetisie hieroor. Besonderhede verskyn in hierdie Rondomnuus.

5. Spesifieke kwessies vir kennisname

Ek deel graag inligting oor die volgende:

Swartdam is verkoop

Ons het die transaksie afgehandel en die eiendom is oorgegee aan die nuwe eienaar, Daniel Goosen. Die rede vir die verkoop was omdat Swartdam nie deel vorm van die kernbesigheid van die Dutoit Groep nie.

Ons onttrek uit Aussenkehr

Sedert die besturende vennoot, die De Kock familie, ernstige finansiële probleme vroeg in 2019 ontwikkel het, het ons hierdie belegging bestuur tot einde Maart 2020 in 'n poging om die skuld te konsolideer en 'n koper te kry. As gevolg van die kompleksiteit van die struktuur en die groot skuld, kon ons nie daarin slaag nie. Dit het ons geen ander keuse gelaat as om ons risiko te beperk en het ons gevolglik besluit om te onttrek uit Aussenkehr. Die besigheid is nou in die hande van die Banke en die likwidateurs. Die uitkoms is onseker.

Dit bly 'n hartseer verhaal aangesien ons steeds dink dit is 'n besigheid met baie potensiaal en het gevolglik baie energie en tyd spandeer om dit op Dutoit-standaard te kry. Die uurglas het egter uitgeloop. Ons moet nou ons skaars hulpbronne en aandag fokus op ons kernbedrywighede.

Die Dutoit-handelsmerk vernuwe

Die Dutoit-handelsmerk is een van ons grootste bates. Dit is sekerlik een van die sterkste handelsmerke in landbou in Suid Afrika en is internasionaal bekend en gerespekteer. Die Dutoit-handelsmerk is in 1973 gebore en het oor die afgelope 47 jaar deur drie migrasies gegaan.

Ons moet die Dutoit handelsmerk relevant en modern hou, daarom gaan ons tans deur werksessies om 'n nuwe strategie vir die Dutoit-handelsmerk saam te stel. Hierdie oefening is baie opwindend aangesien die handelsmerk intern net so belangrik as ekstern is. Die Dutoit-handelsmerk moet die samebindende faktor wees waarbinne ons sake doen. Dit is die fondament van ons huis. Dit verteenwoordig die ruimte waarbinne ons leef. Dit is dus ons almal se plig om die strategie, die stories, die waardes, die kenmerke en die beeld goed te beskryf en met nuwe oë hierna te kyk.

Groter fokus op Inligtingstechnologie

Ons hoor, lees en beleef heeltyd hoe IT ons lewe verander. Ons wil dus vinniger op die terrein beweeg en is daarom baie bly dat 'n kundige persoon soos Pieter Schicklerling op 1 Oktober 2020 as hoof van Informasie- en Kommunikasietechnologie by ons aangesluit het om nuwe momentum te bring. Maar dit is 'n terrein waar almal moet bybly. (Kyk gerus na hierdie kort video as verwysing: <https://youtu.be/RZ5GFTRoJ84>)

Elkeen sal moeite moet doen om 'n basiese vaardigheid en kennis op hierdie terrein te ontwikkel. Ons moet leer om nuut te dink oor ons werk en bydrae, anders gaan ons nie meer relevant in die toekoms wees nie.

Arbeidsmark en Covid-19

Werkloosheid is baie hoog. Ek hoor 44% van SA jeug is werkloos! Ons is baie onseker oor wat wag op die ekonomies en sosiaal/maatskaplike terrein in 2021. Dit is daarom eerste prioriteit om te fokus op volhoubaarheid en tweedens op aanpassing in vergoeding. Gelukkig is die inflasiekoers laag en hopelik bly dit rondom 3% vir die volgende jaar.

Ons moet almal die gordel intrek. Daar is baie bedrywe wat nie so bevoorreg soos landbou is nie waar mense sonder werk is of salaris prysgawe moes aanvaar.

Ek versoek dus almal om vanjaar se verhoging in die lig te sien. Verder moet ons aanvaar dat aanpassings in vergoedingskale waarskynlik nader aan inflasie gaan beweeg soos in meeste ander lande van die wêreld.

6. Ons siening oor:

Die pandemie

Sedert my vorige skrywe styg die wêreld syfers positiewe gevalle van 9 na 34 miljoen en die sterfgevälle van 500,000 na 1,006,000 - direk as gevolg van koronavirus!!! Ons het verwag dat die koronavirus gaan piek, maar daar is nou bevestiging van 'n tweede en selfs derde uitbraak. Die vooruitsigte op 'n klaar getoetste teenmiddel is duister. Mediese kenners voorspel dat dit moontlik eers teen die einde van 2021 behoorlik getoets en vrylik beskikbaar gaan wees. So, ons gaan nog lank saam met die Covid-19 virus leef. (Besoeke asseblief: <https://www.ft.com/content/a2901ce8-5eb7-4633-b89c-cbdf5b386938>).

Wêreld ekonomie

Ons standpunt bly dat die wêreld ekonomie onder geweldige stres gaan bly tot ten minste einde 2021. Dit gaan groot ontwrigting bring in internasionale handel wat reeds met 20% afgeneem het. Een voorbeeld is die agterstand wat nou in Chinese hawens ontwikkel het met die opeenhoping van goedere. Dit blokkeer weer die vloei van skepe en toerusting wat oorspoel na ander dele van die wêreld.

Die beste wat ons kan doen is om baie aanpasbaar te wees en die risiko so ver moontlik te versprei.

Suid Afrikaanse ekonomie

Die kwesbare SA ekonomie het baie seergekry met die inperkings-maatreëls van ons regering. Ons regering hou aan om swak besluite te neem. Verder is daar net al meer nuus oor 'n korrupte sisteem. Hierdie probleme gaan nie oornag verdwyn nie. Die konstante stroom van negatiewe nuus laat mens soms wonder of dit regtig so is dat SA op pad is na 'n "failed state". Ons glo nie so nie. Daar is genoeg goeie mense met talent en passie om die skip se neus te draai.

Daarom fokus ons binne die Dutoit Groep op wat binne ons beheer is en bou 'n Suid Afrikaanse maatskappy wat met die bestes in die wêreld kan meeding. Ons fokus is ook op ons onmiddellike omgewing waar ons 'n verskil kan maak.

Sodoende gaan ons aan met ons werk en vermy die verlamende debat oor SA-probleme. Ek kan getuig dat ons wel deur ons netwerke en bedryfsgame ons invloed gebruik om van SA 'n beter plek te maak – maar dit is 'n baie moeilike opdrag.

7. Wat lees en doen ek tans?

- Gelukkig mag ons nou weer golf speel en redelik vrylik binne SA beweeg.
- Ek is bly die sport kom stadig weer aan die gang en het dit baie geniet om te sien hoe Bryson DeChamneau die VSA ope wen.
- Ek was vir die eerste keer weer op 'n vliegtuig en was absoluut geskok om Oliver Tambo lughawe so leeg soos 'n grafkelder te sien. Ek hoop internasionale vlugte maak spoedig oop. Ek dink dit is absoluut belangrik dat ons fisies by ons kliënte kom. Dit versterk verhoudinge en gee energie.
- Ek lees tans 'n baie goeie boek deur Malcolm Gladwell: Talking to Strangers. Hierin probeer hy verduidelik deur ondersoekende joernalistiek hoe dit gebeur dat skelms kundige mense so maklik om die bos lei. Nogal 'n openbaring!

Weereens baie dankie aan almal se ondersteuning. Kom ons veg die Covid-19 met sy vrese wat hy meebring as 'n span en ondersteun mekaar om sterker anderkant uit te kom.

Ek wil jul ook nooi om my te enige tyd te skakel indien jul 'n spesifieke behoefte, bekommernis of wenk het waarmee jul reken ek kan help of waarvan ek moet kennis neem.

Mooi loop. Ons praat weer.



KOUE BOKKEVELD OPLEIDINGSENTRUM

Gr. 7-kamp



Baie dankie aan Dutoit Agri vir hul bydrae tot die Dutoit-kinders se Gr. 7 - kamp. Die kinders het die kamp vreeslik geniet, veral die stap na die Waterval en Saterdagmiddag se stokbrood braai.

Ons leer van Natuurbewaring

Die leerders het baie geleer oor natuurbewaring en hoe om na die natuur om te sien. Hulle moes ook paar plantjies oorplant wat weens die storms oorspoel het.

Die leerders het genoem hulle het aansienlik geleer van verantwoordelikheid en hoe 'n leier moet optree. Te danke aan julle bydrae kon ons voortbou op hierdie merkwaardige kamp.

KBOS Gemeenskapsontwikkeling-span



New beginnings

TANITH FREEMAN

As we watch the last bin of fruit leave the farm in autumn, a sense of relief and gratefulness fills us. We are thankful that all our effort, sweat and dust filled 'bakkies' have yielded tangible results – of course some just good, and some great. Thankful for some rest and retreat to recharge our life-batteries.

But even more exciting is the promise of a new beginning in the spring. We are grateful for the glitter of the dam's full surface in the bright sunshine – fuller than we could have our cautious hearts hope for after years of drought. We are grateful for snow not seen in many years in such abundance. We are grateful for beautiful fruit blossoms and thankful for the promise they have inside them!

With the dawn of each new season, we are faced with adapting to what Mother Nature has given us not only during the winter months, but also the period that preceded it. Conditions during the summer and autumn already dictate if the buds we see in spring will develop into a leaf (vegetative), or a flower (reproductive). Flower bud development takes a long time and takes place over approximately 8 months (in the case of cherries anyway), from mid-summer of last season (January / February) to actual flowering in spring. This period seems very long, but during the cold winter months, the flowers go into hibernation (dormancy), and only start growing again when temperatures start to rise in spring. If our trees are not healthy, happy and in balance during summer with just the right amount of fertiliser, water and sun (and love of course), we will not have healthy, happy flowers.

Critical to ensuring that sweet, juicy fruit we love to eat is on the tree to grow and ripen, are our **hard-working bees**. Conditions have to be just right for them and the flowers – not too hot, not too cold, and the air has to be moist with high humidity. To keep them happy we always have some free water in the orchards so that when they get thirsty, they don't have to go far from our fruit flowers to stay hydrated.

We are grateful that the flowering weather looks perfect for the bees and the fruit flowers! We are thankful for the opportunities that a new beginning gives us. And we are deeply excited for the season that lies ahead of us!

The important roles of bees

- Bees sustain populations of wild plants that support most biodiversity and ecosystem functions.
- Bees are the most important group of pollinators, visiting more than 90% of the leading 107 global crop types.
- In South Africa, over 50 crops are dependent on bee pollination. This means, bees ensure a reliable and diverse seed and fruit supply through pollination. There's also the improvement of crop production and quality through proper pollination. Research shows that the use of commercial honey bees for pollination improves fruit set, fruit weight, and quality.
- Recently, it's become clear that pollinator-dependent crops are the main sources of many micronutrients, including vitamins A and C, calcium, fluoride and folic acid. Bees pollinate most of these crops.
- Bees contribute, indirectly, to job creation and employment, both at beekeeping and farm (produce harvesting) level. This is a huge contribution to food security and poverty alleviation.


Source: <https://www.westerncape.gov.za/>



Photo:
Bee pollinating a plum blossom

Photo:

Cherry flowers at Excelsior where the hard-working bees are showing their dedication! Their knees laden with healthy pollen.



DUTOIT VRUGTE



Die Suid-Afrikaanse Weermag besoek Dutoit Vrugte

Le-Maré van Niekerk

Op 20 Augustus 2020 het die Suid-Afrikaanse Weermag Dutoit Vrugte besoek. Die rede vir die besoek was Covid bewusmaking.

President Cyril Ramaphosa het 2 820 lede van die Suid-Afrikaanse Weermag enkele dae voor die Nasionale Grendeltyd ontplooi. Gedurende April is die getal ontplooië weermaglede verhoog tot 76 000, om die Suid-Afrikaanse Polisie te help om die COVID-19 beperkings en algemene wet en orde te handhaaf. Die SANW se Operasie Notlela, met die doel om die verspreiding van COVID-19 te help bekamp, is geldig tot 30 September.

Operasie Notlela het die SANW-lede in die voorste linies van die geveg teen die virus geplaas. Nie alleen doen die SANW COVID-19 bewusmaking nie, maar ook sifting, toetse, nasporing, die voorsiening van kwarantynfasiliteite en dekontaminasie spanne.

WES-KAAP PRODUKSIENUUS



2020 OES

In totaal het Produksie Wes Kaap vanjaar 'n rekordoes gehad.

Vrugte: Ons het afgeskop met die Steenvrugte wat moeilik geset het, weens die hittegolf wat ons vroeg in September gehad het. Dit het heelwat laer tonne as begroot opgelewer. Die Kernvrugte was gelukkig die teenoorgestelde en het heelwat hoër produksies as begroot gelewer. Ons het ons grootste appel-oes nog gehad. Die kwaliteit op van die kernvrugte was egter 'n uitdaging weens die hael/ysreën op sekere Landgoedere.

Groente: Ons het 'n baie goeie produksiejaar gehad, veral met die uie. Die aartappeloes was onder begroting weens die feit dat ons minder hektare geplant het en 'n klompie hektare versuip het na 'n donderstorm in Februarie.



SUKSESSVERHALE

Vrugte: Ons is baie opgewonde oor die resultate wat ons verkry het met die gebruik van drapenette wat die vrugte teen sonbrand beskerm en reflektiewe materiaal wat die kleur van die twee-kleur appels verbeter. Die komende oesseisoen gaan ons die gebruik van bogenoemde hulpmiddele nog verder uitbrei.

Groente: Ons het met groot sukses die nuwe geboude patatuithaler aangewend. Ons produktiwiteit met die uithaal en bekamping van beserings het baie verbeter. Die Allan aartappeluithaler en sorteermasjien het ook sy eerste seisoen in die Koue Bokkeveld agter die rug. Ons is opgewonde met hierdie nuwe toevoegings tot meganisering van aartappels en patats.

Water: By Produksie Wes-Kaap was ons die afgelope winter geseënd met goeie reëns en vol damme, behalwe by Kromfontein en Lindeshof. Kromfontein en Lindeshof se damme is dag en datum nog nie vol nie, maar ons is beter af as laasjaar met genoegsame water om normaal voort te gaan met ons verbouingspraktyke. Om watersekerheid verder op Lindeshof te vestig, gaan ons vir die eerste keer 'n boorgat met sonkrag daar ontwikkel.

Koue-eenhede: Wat die akkumulering van koue-eenhede betref, het ons 'n baie swak Mei-maand gehad. Die koue en sneeu het eers heelwat later die winter gekom. Aan die einde van Augustus het die koue-eenhede goed gelyk, maar ons weet 'n goeie Augustus kan nie opmaak vir 'n swak Mei-maand nie. Ons gaan dus gebruik maak van chemiese rusbreekmiddels om die vrugtebome meer gelyk wakker te maak die lente.



NUWE PRODUKSIESEISOEN 2020/2021

Groente: Die uie sal teen einde September klaar geplant wees. Ons begin dan om aartappels op die Koue Bokkeveld Landoedere te plant.

Vrugte: Die vrugtebome is stadig maar seker besig om te begin blom en ons sien uit na die nuwe seisoen. Die steenvrugte, veral die kersies en pruime waarvan die produksies die vorige seisoen baie af was, se blomme lyk op die stadium baie belowend en ons hou styf duim vas dat ons goeie set gaan kry.



Foto: Nuwe Patat-uithaler

Foto: Vroeë uie op Platkloof
(met hul eie plantjies)



Foto: Patats op Platkloof



Foto: Nooitgedacht (winter 2020)

*“Without winter we would not
appreciate SPRING”
Unknown*



Foto: Water inloop in die groot dam op Sneeuwkop (September 2020)

VOORRAADTELLING 2020



Foto's: Paardekloof (bo) en Nooitgedacht Werkswinkel (onder) tydens Voorraadtelling 2020



Crispy Farming

JACQUES VISSER

Nuwe trekkers en spuitpompe



Crispy Farming is baie opgewonde oor hul Nuwe John Deere en Rovic spuitpompe.



Foto heel bo regs:

Hier oorhandig Vivian Jakobs (Produksiebestuurder: Coshla) die sleutels aan die enigste vroue spuitpomp-drywer van Coshla, Magdalena Smith.

Foto middel:

Magdalena Smit en Richard Mohali neem hulle nuwe trekkers en spuitpompe op 'n toetsrit met Limmie Malherbe wat toekyk.

Heel onder regs:

(Van regs na links) Limmie Malherbe (Produksiebestuurder: Klein Pruijs), Nkosinathi Madala (Lucky), Jakob Fredericks (Diff), Vivian Jacobs (Joggel) (Produksiebestuurder: Coshla), Magdalena Smith (Lena), Dirk Havenga (Werkswinkel bestuurder), Cedrick, Jacques (Mentor), Richard Mohali (Vreeland) en Thobela Guqaza (Produksiebestuurder: Vreeland). Voor Johny de Bod (Afgri Ceres) en Johandre (Afgri Ceres).

Bestuurdienstoekeennings 2020

Dutoit gee jaarliks tydens 'n gesellige geleentheid erkenning aan sy werkers wat onderskeidelik 10, 20 en 30 jaar diens voltooi het. Dié werkers ontvang elk 'n kontantbedrag en 'n geraamde sertifikaat.

Op 10 September 2020 is die Bestuurdienstoekeennings gehou by Fowler's Grill in Ceres.

Die belangrikste bate van enige maatskappy is sy mense. Dutoit is bevoorreg om met kwaliteit en lojale werkers die uitdagings van landbou te ontmoet en gee graag op hierdie beskeie manier addisioneel erkenning aan sy lojale werkers.



Foto: Johan Grobler (Direkteur: Vrugteverpakking oorhandig June Smith (DTV) se 30 jaar diensoekeening.



V.l.n.r.:

Agter: Daniel Havenga, PWK (30 jr); Candice Pekeur, PWK (10 jr); Gysbert du Toit, Bemarking (20 jr); June Smith, DTV (30 jr); Lien Stemmet, HK (10 jr); Hennie Blaauw, DTV (20 jr); Nico van der Westhuizen, KFT (10 jr); Voor: Kosie Goliath, TFT (30 jr); Kallie Jantjies, TFT (20 jr).



Bo: Johan Grobler (Direkteur: Vrugteverpakking oorhandig Hennie Blaauw (DTV) se 20 jaar dienstoekenning.

Links: Willem Coetzee (HUB: Dutoit Agri) oorhandig Gysbert du Toit se 20 jaar dienstoekenning.



Bo: Nicus Bergh (PWK: Finansiële Rekenmeester) oorhandig Candice Pekom se 10 jaar dienstoekenning;

Links: Izak Smit (Landgoedbestuurder: Tandfontein) oorhandig Kosie Goliath se 30 jaar dienstoekenning;



Links: Willem Coetzee (HUB: Dutoit Agri) oorhandig Daniel Havenga se 30 jaar dienstoekenning;

Regs: Pieter du Toit (Besturende Direkteur: Dutoit Groep) oorhandig Lien Stemmet se 10 jaar dienstoekenning



Links: Izak Smit (Landgoedbestuurder: Tandfontein) oorhandig Kallie Jantjies se 20 jaar dienstoekenning



Regs: Gys du Toit (Jr) (Landgoedbestuurder: Kromfontein) oorhandig Nico van der Westhuizen (Kromfontein) se 10 jaar dienstoekenning



VROUEDAG 2020



Vroue van God is soos rose:

'n Roos dink nie om te kompeteer met die een langs haar nie, sy **blom** soos net sý kan, om God te loof.

Baie dankie vir jou rol as **vrou** in die suksesse van ons besigheid en ook ons samelewing.

Ons waardeer jou opreg!



Augustusmaand is Vrouemaand

WILLEM COETZEE

Indien jy as vrou gedurende die week van 9 Augustus by Dutoit werksaam was, het jy 'n roos ontvang. Dutoit wil graag hiermee die erkenning en dankbaarheid vir jou rol as vrou in ons besigheid, by jou huis en ook in ons breër samelewing, beklemtoon en vier.

Die roos word gesien as die perfekste van alle blomme. Net so, is jy as vrou ook uniek deur God geskape en vier ons in groot dankbaarheid en waardering jou vrouwees in hierdie maand.

Baie dankie vir elkeen se onbaatsugtige bydrae tot die Dutoit besigheid. Ons waardeer jou as vrou en hoop dat jy Augustusmaand as 'n besonderse gesëende maand ervaar het.

Foto's links en onder: Paardekloof se dames met hul Vrouedag-rose



VROUEDAG 2020



Links: Sulita de Beer en Nalise de Wet van Produksie Wes-Kaap met hul Vrouedag-rose



Regs: Die vroue op Paardekloof ontvang hul rose



Links: Adèl Ras, Sally Pedro, Ansie Spamer, Marianne Opperman, Joh-Mariè Kriegler en Nicole January

HERITAGE DAY 2020



Foto: Heritage Day 2020 at Excelsior



Foto: Heritage Day 2020 at Excelsior

Jerusalema-uitdaging

LE-MARE VAN NIEKERK

Wêreldwyd is die Jerusalema dans-uitdaging besig om opspraak te maak. In die Covid-tyd bring dit nuwe krag en samelewing onder kollegas.

Ek en Elzandra het gesels oor die pakstore in ons streek wat die dans doen en besluit om die uitdaging te aanvaar. Ons het name bymekaar gesit en vining die span dansgereed gekry.

Dit was lekker om as 'n span Dutoit se naam hoog te hou, gemoedere te verhelder en net 'n slag te dans en die lewe te geniet.

Charlene Thys

Foto's: Dutoit Vrugte se deelname (bo)
Dutoit Groente se deelname (onder)



TANDFONTEIN



Foto's: Tandfontein neem deel aan die Jerusalema Dans-Uitdaging



CRISPY FARMING



Foto: Die Crispy Farming deelnemers op Vrydag, 25 September 2020



Foto: "CF"vir Crispy Farming.

The "Jerusalem" song by Master KG and Nomcebo is a true Gospel song. The key meaning to the song is that "Jerusalem is my home, (Lord) guide me, walk with me, do not leave me here."

AANSTELLINGS



TIAAN STRYDOM
Waboom | Produksiebestuurder



SANELE KUTWANA
Dutoit Vervoer | Drywer



HENRY TITUS
Dutoit Vervoer | Drywer



PIETER SCHIKKERLING
*Hoof: Informasie- en
Kommunikasietegnologie*

Gebruik van Chroniese Medikasie

SOPHIA DE BRUIN & VICTORIA MBANDAZAYO

Dit is belangrik om medikasie korrek te gebruik. Die verkeerde gebruik daarvan en die interaksie van verskillende medikasies kan lei tot pyn, siektes, ernstige komplikasies, (her)hospitalisasie, en 'n groter herstelkoste (beide die finansiële en fisiese koste).

Maak seker dat jy die volgende punte verstaan voordat jy enige medikasie begin neem:

- Hoekom jy die medikasie nodig het
- Hoe en wanneer jy dit moet drink
- Hoe om die medikasie veilig te bêre
- Wat kan gebeur as jy die medikasie nie korrek neem nie



Wanneer dit kom by die neem van jou medikasie, is dit noodsaaklik om jou dokter en/of gesondheidswerker se voorskrifte noukeurig te volg.

Maak seker dat jy nooit:

- jou medikasie vir enige ander simptome of siektes gebruik as net dit waarvoor dit voorgeskryf is nie
- iemand anders se medikasie gebruik, of jou medikasie aan iemand anders gee om te gebruik nie
- meer of minder van jou medikasie neem as wat voorgeskryf is nie
- net lukraak jou medikasie staak nie

Mees algemene siektetoestande waarvoor chroniese medikasie gebruik word in Suid-Afrika:

- Tuberkulose (TB)
- Diabetes
- Ander vorme van hartsiektes
- Serebrovaskulêre siektes (soos beroertes)
- Verworwe immuuniteitsgebreksindroom (Vigs)
- Hipertensie (Hoë bloeddruk)
- Griep en Longontsteking

(Rangordelys volgens voorkoms in Suid-Afrika)

Persone tussen 65 en 69 jaar oud neem byna 14 verskillende voorskrifmedisynes per jaar, teenoor 'n gemiddeld van 18 per jaar vir die ouderdomsgroep 80 tot 85. Hoe meer voorskrifmedisynes 'n persoon moet drink, hoe hoër is die risiko vir foute.



“As a large portion of our waking hours are spent on the job, the workplace is a logical place to create a healthier culture and change behaviours.”

Oos-Kaap

Die Nuwe Normaal

GEORGE BOKKIES

Daaglikse Covid-19 sifting en temperatuurlesings word by die hoof ingangshek by Koukamma Fruit Packers gedoen deur 'n opgeleide gesondheidswerker en die hekweg. Deel van ons Covid 19 veiligheidsplan word alle besoekers gescreen en temperatuur geneem voor hulle op die perseel toegelaat word.

Werknemers se temperatuur word daaglik geneem en weekliks word die vraelys voltooi.



Foto: Sanitering van hande

"You expected to be sad in the fall. Part of you died each year when the leaves fell from the trees and their branches were bare against the wind and the cold, wintry light. But you knew there would always be the spring, as you knew the river would flow again after it was frozen." — Ernest Hemingway



Foto: Temperatuur word geneem en vraelys vir besoekers word voltooi.



Foto: Nelis Ruiters (Koukamma Fruit Packers) besig om die gebou by die sekuriteitshek te dekontamineer met die "Fogging" masjien.

SIGNS OF VITAMIN D DEFICIENCY



Recurring infections



High blood pressure



Periodontitis & Gingivitis



Depression



Skin heals slowly



Pale skin & dark circles



Muscle aches & weakness



Mood changes



Low energy



Coronary heart disease



Bone & joint pain



Hormonal imbalance



Diabetes

We need a daily vitamin D intake of 1000–4000 IU, or 25–100 µ (micrograms).



Eat plenty of vitamin-D-rich foods:

- Salmon, herring and sardines
- Cod liver oil
- Canned tuna
- Eggs (especially egg yolks)
- Mushrooms
- Fortified food (such as cow's milk, soy milk, orange juice, cereal and oatmeal)

GO ON – BE HAPPY

*"On a deeper level you are already complete.
When you realise that, there is a playful,
joyous energy behind what you do."
- Eckhart Tolle*



KERNWAARDES

Ons bestaande kernwaardes is kragtig:

- Betroubaarheid
- Lojaliteit
- Oordelikeid
- Menswaardigheid

Ons dink daaraan om 'n **vyfde kernwaarde** hierby te voeg en het jou hulp nodig.

Help ons om die regte woord te vind wat die volgende begrippe netjies saamvat:

- Innoverend
- Spoed
- Vernuwing
- Aanpasbaarheid
- Entrepreneurskap

Jou inskrywing moet die **woord** en 'n **motivering** (van 100 woorde) vir die spesifieke woord bevat.

Ons sal alle aansoeke oorweeg en die persoon wat vir ons die beste beskrywende woord gee, wen 'n prys ter waarde van ongeveer R5 000. Neem asseblief deel!

Bepalings en voorwaardes:

- Stuur asseblief alle inskrywings na: zarethak@dutoit.com voor **26 Oktober 2020**.
- Alle aansoeke sal aan die Dutoit Groep Direksie voorgelê word vir besluitneming.
- Die Dutoit Groep Direksie se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
- Geen persoon mag namens 'n derde party aan hierdie kompetisie deelneem nie.
- Die finale prys word deur die Dutoit Groep Direksie bepaal en is nie oordraagbaar of onderhandelbaar nie.



*"Spring passes and one remembers one's innocence.
Summer passes and one remembers one's exuberance.
Autumn passes and one remembers one's reverence.
Winter passes and one remembers one's perseverance."
Yoko Ono*

Redaktrise: Zaretha King (hierdie uitgawe). Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com | Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.